

28 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 11
FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 11:17**

Jou gebed is 'n lofsang aan God

Elke oggend kom die son op en sak weer in die aand. Net so moes die Israëliete elke oggend en aand, volgens 'n vaste roetine, offers bring in die nuwe stad wat nog yl bevolk was. Saam met hierdie offers moes een van die Leviëte, iemand met 'n mooi stem, die lofsang aanhef by die gebed, waarna die ander dan saam inval. Mattánja moes nie alleen die lofsang aanhef nie, maar was ook in beheer van die musiek. Hy was verantwoordelik vir die keuse van die psalms en liedere wat gesing moes word en hy moes sorg dat alles ordelik verloop.

Ons moet uit dankbaarheid ook elke oggend en aand God van harte aanroep omdat Christus klaar die volmaakte offer was en vir ons aan die kruis gesterf het. Ons kan met groot vrymoedigheid in die gebed tot God nader deur Christus. Nie alleen moet ons vir al ons liggaamlike en geestelike behoeftes bid nie, maar God ook roem en prys vir al sy werke.

So lief het God vir ons, dat Hy sy Seun gestuur het om vir ons die ewige lewe te gee. Daarom moet ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en dade daarop rig dat sy naam geëer en geprys word.

Gaan vandag na die werk, skool of waar jy jou ook al mag bevind met die wete dat jy God loof en prys met jou lewe.

Sing: Psalm 92:1-2

Danie Potgieter (Teologiese student)